# KIRSTENBOSCH 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Silver Tree | **DATUM:** | 16 Maart 2024 |

**KOMMENTAAR**

Altesaam 11 mense het om 08:00 by die Rycroft-hek (R100 toegang) van Kirstenbosch bymekaar gekom om die Silvertree-roete aan te pak. Die Silvertree-roete is een van die langer roetes wat in Kirstenbosch begin en eindig, met 'n stywe paar opdraandes op die koop toe. Ons begin die roete met 'n goeie klim tot op die kontoerpad. Ons loop verby Nursery Ravine en Skeleton Gorge se afdraaibordjies en verder tot by die ‘scree belt’ waar ons 'n welverdiende blaaskans neem en op die klippe middagete geniet. Daarna volg 'n stewige klim met trappies tot ons weer hoër op in die berg die ‘scree belt’ kry. Dan begin die afsak terug na Kirstenbosch toe. Toe ons uiteindelik onder kom, loop ons eers deur die tuin (waar ons 'n groot uil op 'n stomp sien sit) en stap via die Boomslang (ons is dan nou hier) terug na die Rycroft-hek. 'n Paar van ons ry met ons motors om na Hek 2 om by die Tearoom iets te gaan eet en drink (koffie / bier, skons). Wat die roete ideaal maak vir hierdie tyd van die jaar is dat dit aan die oostelike kant van Tafelberg is waar daar baie skaduwee en koelte is. Baie dankie aan Werner Dalziel vir die stapleiding en Amanda Matthee vir die stapreëlings. Klimhoogte: 453 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 045/2024 | R 5 | 11 | |
| Werner Dalziel | 044/2024 | R 5 | 11 | |
| Arie van Eck | 148/2024 | R 5 | 11 | |
| Arina van Eck | 147/2024 | R 5 | 11 | |
| Edna Terblanche | 040/2024 | R 5 | 11 | |
| Kobus Terblanche | 041/2024 | R 5 | 11 | |
| Elisma Maree | 070/2024 | R 5 | 11 | |
| Koos Stander | 108/2024 | R 5 | 11 | |
| Vicky Stander | 170/2024 | R 5 | 11 | |
| Zanté Neethling | Nie-lid | R 10 | 11 | |
| Mariette Nortjé | 062/2024 | R 5 | 11 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 60** | **121** | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |